# 'n Reformatoriese perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek[1]

C.T. Viljoen
Nagraadse Skool vir Opvoedkunde
Fakulteit Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**A Reformational perspective on the relationship school education and politics**

*There is a generally-held conviction that school education and politics are linked to each other, and that they of necessity have a reciprocal influence. What is not, however, clear, is how the relationship between school education and politics can (should) precisely be defined in terms of principle. The Reformational tradition offers specific philosophico-educational guidelines within which school education and politics can be regarded. In the first place a distinction can be made between the two entities, school education and politics; in the second place, it is possible to indicate school educational and political interests; thirdly there are specific limitations on the competences of school education and politics; and in the fourth place a distinction can be made between what is regarded as school-typical tasks and politically typical tasks.*

## 1. Inleiding

Ten spyte van die algemeen aanvaarde oortuiging dat skoolonderwys en die politiek in 'n verhouding tot mekaar staan en mekaar noodwendig onderling beïnvloed (Nieuwenhuis, 1989; Van den Berg, 1989; Reid, 1989), word die presisering van die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek bemoeilik deur onder andere verskillende opvattings oor wat onder *skoolonderwys* (ook skool en onderwys) en *politiek* verstaan word. Jones (1985:397) sê byvoorbeeld

---

1 Erkenning: Hiermee word die bydraes van prof. J.L. van der Walt (Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO) en (wyle) prof. P.J. van Niekerk (Fakulteit Regte, PU vir CHO) tot die samestelling van hierdie artikel erken.

met betrekking tot die presisering van die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek dat: "... studies so far have not spurred the development of a coherent, agreed-upon set of concepts and models. As a result, a large body of findings from case studies indicates that people use political means to try to control what schools do, while quantitative, cross-system studies suggest that, especially in the United States, politics has little significance".

Giroux (1981; 1988; 1989) gee in sy benadering tot die polemiek rondom skoolonderwys en die politiek 'n uiters aktuele kontemporêre siening van die verhouding skoolonderwys en die politiek. In sy kritiese analise van hierdie verhouding lê hy klem op die ideologiese karakter van albei entiteite. Tipiese begrippe wat Giroux in sy analises gebruik, sluit die volgende in: hegemonie, kultuur en weerstand en pedagogiek (Giroux, 1981:19-32). 'n Deurlopende standpunt van hom oor die misbruik van skole deur groepe is byvoorbeeld dat die heersersklas skole beheer deur hulle dominering van die taal en kulturele simbole. McLaren (1988:xii) beweer dat Giroux onderwys "as a form of cultural politics" sien. Hierdie ideologiese uitgangspunt, volgens Giroux, stel die dominante groep in staat om beheer uit te oefen – deur middel van skoolonderwys – oor samelewingsdoelstellings en -waardes. In aansluiting by Giroux stel Shor (1986) in sy analises van die verhouding skoolonderwys en die politiek voor dat skole gesien behoort te word as die ruimtes waarin ideologiese "battles" gevoer word met "cultural values as weapons" (vgl. ook Engel, 1993:1098). Aronowitz en Giroux (1986:36) stel hulle standpunt oor die verhouding skoolonderwys en die politiek soos volg:

> Central ... is the task of making the pedagogical more political and the political more pedagogical. In the first instance, this means that schooling means inserting education directly into the political sphere by arguing that schooling represents both a struggle for meaning and a struggle over power relations.

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek moet word, en waarmee hopelik meer lig op die verhouding skoolonderwys en die politiek gewerp kan word, kan soos volg geformuleer word: *wat is 'n reformatoriese (d.w.s. soos binne die Christelike tradisie) perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek?* In die beantwoording van hierdie vraag moet gepoog word om 'n teoretiese raamwerk op te stel in terme waarvan die verhouding skoolonderwys en die politiek verstaan kan word.

Nadat enkele reformatoriese uitgangspunte – wat as regulatief beskou kan word in 'n prinsipiële gesprek soos hierdie – gestel is, volg 'n onderskeiding tussen skoolonderwys en die politiek. In die daaropvolgende gedeeltes word gepoog

om 'n reformatoriese perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek te gee.

## 2. Wat behels 'n reformatoriese perspektief?

Dit is noodsaaklik om enkele basiese kontoere te verskaf van 'n reformatoriese perspektief waarbinne die gesprek rondom die verhouding skoolonderwys en die politiek gekonstrueer kan word. Vir dié doel word die volgende basiese uitgangspunte aanvaar:

* Die absolute en onvoorwaarlike erkenning van die oorkoepelende soewereiniteit van God. Hy is die Skepper van alle dinge wat bestaan. Daar is niks in die werklikheid (ook nie skoolonderwys en die politiek nie) wat aan die absolute soewereiniteit van God onttrek kan word nie (Schoeman, 1978:114; Van der Walt & Dekker, 1983:42; Kalsbeek, 1974:117).
* Die wet van God is die konkretisering van sy wil vir die ganse skepping (Dooyeweerd, 1969 I:100-104; Dooyeweerd, 1969 II:238). Die idee wat die mens van God se wil of wet het, is "grypbaar" slegs vir sover die mens se logies-analitiese funksie hom toelaat (Kalsbeek, 1974:117; Taljaard, 1974:43; Troost, 1992:118-119).
* Op grond van die vooronderstelling dat God in sy skeppingswil (Duvenage, s.a.:6) 'n spesifieke skeppingsorde – ook genoem kosmiese wetsorde (Kalsbeek, 1974:66) – daargestel het, kan aanvaar word dat alle entiteite, alhoewel onties verskillend, uiteindelik met mekaar verband hou. Elke entiteit vertoon dus sowel die kenmerk van verskeidenheid as van samehang (eenheid) (Stoker, 1961:171).
* Die bestaan van 'n Godgegewe gedifferensieerde samelewing met 'n ryke verskeidenheid onderskeibare instellings (resp. kerk, staat, skool en gesin) en verhoudings tussen hierdie instelings word aanvaar (Taljaard, 1974:34-37; Taljaard, 1976:190-268; Fowler, 1988:30-31). Een implikasie hiervan is dat die vergestalting, organisering en strukturering van, en die onderlinge verhoudinge tussen die instellings, nie 'n arbitrêre aangeleentheid is nie. Die mens het die roeping om weë te bedink en te ontwikkel om die moontlikhede wat inherent aan die skepping is, te ontplooi.

Voorgaande basiese uitgangspunte sal in hierdie artikel gebruik word as belangrike vertrekpunte vir die beoogde prinsipiële presisering van die verhouding skoolonderwys en die politiek.

## 3. Skoolonderwys en die politiek: 'n onderskeiding

Daar bestaan diverse standpunte oor die verhouding skoolonderwys en die politiek. Daar is byvoorbeeld stemme wat opgaan vir die skeiding, of ten minste vir 'n aparte hantering, van skoolonderwys en die politiek (vgl. Stevens, 1987:75). Daarteenoor is daar die standpunt dat skoolonderwys en die politiek identies aan mekaar is. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband Freire en Shor (1987:46) se beskouing: "That is a great discovery, education is politics! After that, when a teacher discovers that he or she is a politician, too, the teacher has to ask, what kind of politics am I doing in the classroom?" Ook Apple (1979:111) beskou die ontwerp van kurrikula – 'n tipies skoolse aktiwiteit – as "... inherently a political and moral process ... (which) ... involves competing ideological, political and intensely personal conceptions of valuable educational activity".

Bogenoemde standpunte erken, hoewel waarskynlik nie intensioneel nie, die ontisiteit van sowel skoolonderwys as die politiek: skoolonderwys en die politiek is onderskeibare entiteite, elk met 'n unieke ontiese status in die leefwêreld van die mens. Normatiewe insig in die verhouding skoolonderwys en die politiek word eers moontlik met die aanvaarding van die ontiese gegewene dat skoolonderwys en politiek onderskeibaar is, elk met sy eie unieke wesenstrekke.

Die eiesoortige bestaan (d.i. die strukturele beginsel) van onderskeidelik skoolonderwys en die politiek kan nie gesien word as (1) afgeleides van mekaar of as (2) afgeleides van ander nie-skoolse, respektiewelik nie-politieke entiteite nie (Taljaard, 1974:32-36; Du Plessis, 1980:6). 'n Nie-arbitrêre konsepsie van skoolonderwys en politiek waaruit die wesensaard of tipiese van elkeen (wat ook insluit die nie-tipiese van mekaar) blyk, is dus noodsaaklik. In die bepaling van die wesensaard van hierdie twee entiteite volg dat sowel skoolonderwys as politiek identifiseerbare eienskappe vertoon waarin die eie-aardigheid van albei te voorskyn kom en waardeur die spesifieke skeppingskondisies of voorwaardes vir die bestaan van onderskeidelik skoolonderwys en die politiek blyk (Van der Vyver, s.a.:2; Taljaard, 1974:30-31).

Skoolonderwys word daaraan herken dat dit 'n doelbewuste handeling is tussen 'n persoon (die onderwyser) en 'n leer- en onderrigbehoeftige waarin eersgenoemde kontinu poog om sekere vaardighede en kennis aan laasgenoemde oor te dra (Van der Walt & Dekker, 1983:30; Schoeman, 1978:118; Dooyeweerd, 1969 III:287). Taljaard (1974:45) beskou die eiesoortigheid van skoolonderwys as "die onderrigwerk wat ... gedoen word".

Uit 'n veelheid pogings om die eie-aardigheid van politiek te verwoord (vgl. Good, 1959:404; Rademaker, 1978:533 e.v.; Husén & Postlethwaite,

1985:3977; Harré & Lamb, 1983:483), wil dit voorkom of politiek herken kan word aan bepaalde prosesse (w.o. regulering, besluitneming, oorreding en selfs dwang) waarmee 'n diversiteit van individuele en groepsbelange (w.o. partypolitieke en staatspolitieke belange) bevorder word. Die erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, of soos Du Plessis (1980:7) dit stel: "vryheid in gesagsverskeidenheid", vloei noodwendig uit op die standpunt dat skoolonderwys primêr 'n onderrigtende en onderriggewende karakter het, terwyl die politiek volgens Venter (1978:318) as "... aktiwiteite deur indiwidue of groepe gerig op organisering, handhawing en bevordering van die reg in die samelewing (in die staat, regering, kerk en skool – CTV)" 'n reg- en ordeskeppende karakter het. Skoolonderwyshandelinge en -aktiwiteite word gekwalifiseer deur die onderrigtende aard daarvan en die politiek weer deur die reg- en ordeskeppende aard daarvan. Vanuit die uniekheid of eiesoortigheid van elk volg dat die taak van skoolonderwys die gee van onderwys is, en dié van die politiek om ewewig en harmonie tussen die veelheid van belange in die staat se territorium te skep om sodoende reg en geregtigheid aan sy onderskeie burgers te laat geskied (Du Plessis, 1980:6; Du Rand & Van Wyk, 1984:23; Fowler, 1988:9-10).

Die politiek as deel van (byvoorbeeld die owerheid se) toesighouding met betrekking tot die wettige belange van alle partye (i.c. ook die skoolonderwysbelange) staan in diens van en word gekwalifiseer deur die juridiese. Uit die reformatoriese perspektief kan dus daarop aangedring word dat 'n regering byvoorbeeld die roeping het om sy (politieke) mag in diens van reg en geregtigheid aan te wend (Fowler, 1988:10-12; 37-38). Reg en geregtigheid toegepas deur die staat is dus 'n normatiewe handeling wat die verantwoordelikheid van mense (i.c. regeringslui, politici, gemeenskapsleiers, ens.) normatief eis. Verontagsaming van hierdie eis kan lei tot allerlei ideologieë, misbruike, magsvergrype en uiteindelik tot wandade (Goudzwaard, s.a.:17-27).

## 4. Skoolonderwysbelange en politieke belange: die beginsel van universaliteit in eie kring

Die entiteite skoolonderwys en die politiek is dus onderskeie van mekaar, elk met 'n eie wesens- en struktuuraard. Vanweë die vervlegtheid van die verskillende samelewingsverbande en die hieruit voortvloeiende belange, het alle handelinge of vraagstukke, ongeag die kwalifisering daarvan, egter gelyktydig dimensies wat skoolonderwys én die politiek raak (Taljaard, 1974:35-37; Fowler, 1988:31). Daarom behoort skoolonderwys en die politiek, te midde van alle ander belange van mense in 'n samelewing (byvoorbeeld ekonomiese en godsdienstige belange), in beginsel beskerm, beheer en bevorder

te word. Skerper gestel: die onderskeie "take" van skoolonderwys en die politiek behoort in beginsel by mekaar aan te sluit.

## 5. Beperkinge op die bevoegdheid (kompetensie) van skoolonderwys en die politiek

Dit mag voorkom of die benadering wat in 4 gestel is, impliseer dat die unieke of wesenlike van sowel skoolonderwys as die politiek ongedefinieerd en selfs grensloos gesien word en sodoende juis geleentheid geskep word vir wedersydse ongekontroleerde inmenging. Beperking van bevoegdhede of die erkenning van kompetensieterreine bied hier egter 'n oplossing (Taljaard, 1974:36-37; Van der Vyver, s.a.:1-3; Du Rand & Van Wyk, 1984:23; Fowler, 1988:34-35). Die oplossing lê ingebed in die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Daarmee word 'n ordening en reëling bewerkstellig tussen die verskillende samelewingsverbande en hulle onderlinge gesagsterreine. 'n Logiese konsekwensie hiervan is dat skoolonderwys nie aan die politiek ondergeskik kan wees nie, en andersom. Volgens Taljaard (1974:37) beskik elke onderskeibare samelewingsverband oor interne gesag, welke gesag aan elkeen uit eie hoofde toekom en dus nie van 'n ander (wesensverskillende) samelewingsverband afgelei is of verleen kan word nie.

Toegepas op skoolonderwys en die politiek beteken voorgaande dat skoolonderwysgesag nie 'n vergunning van byvoorbeeld die owerheid kan wees nie. Dié gesag kom skoolonderwys vanweë sy eie struktuur toe. Wie dit misken en oorhoofse gesag aan byvoorbeeld 'n staat of politieke party toedig, loop die gevaar om in die een of ander absolutisme te verval.

Hoewel die beginsel van soewereiniteit in eie kring partypolitieke, staatspolitieke of kerkpolitieke oorskryding op die skoolonderwysterrein in beginsel uitsluit (en omgekeerd), is daar egter gedeelde belange tussen hulle (op basis van die beginsel van universaliteit in eie kring). Die betrokkenheid van byvoorbeeld staatspolitiek by skoolonderwys, of die betrokkenheid van skoolonderwys by die staatspolitiek, hef nie die eiesoortigheid van die onderskeie lewensfere op nie. Omdat nie politiek of skoolonderwys in 'n amorfe en ongedefinieerde gemeenskap en samelewing plaasvind nie, en omdat geen gemeenskap en samelewing *tabula rasa*-mense huisves nie, het elkeen individueel en gesamentlik egter die reg, plig en verantwoordelikheid om voluit deel te neem aan én die onderwys én die politiek van die spesifieke tydperk (Taljaard, 1974:50; Fowler, 1988:34).

Om saam te vat: in die verhouding skoolonderwys en die politiek behoort die politiek sy eie belange sover moontlik vas te anker aan die grense van sy verbandstrukturele bestemming (byvoorbeeld staat en regering) en behoort die belange van skoolonderwys oorgelaat te word aan die bevoegdheidsterrein van

die skool self. Hierdeur word spanning tussen politiek en skoolonderwys grootliks vermy. Prakties toegepas beteken dit dat geen staat, regering, politieke party of vakbond skoolonderwys tot 'n staatskool, regeringskool, partyskool of vakbondskool kan degradeer om aldus vir homself seggenskap op die skoolonderwysterrein op te eis nie.

## 6. Skool-tipiese take en politiek-tipiese take as uitvloeisel van die erkenning van die beginsel van onderskeie bevoegdhede

Die stellinginname dat die staat byvoorbeeld (i.c. staatspolitiek) die roeping het om na die belange van alle belanghebbende partye in sy territoruim om te sien om onder meer hierdie belange met mekaar te probeer harmonieer, beteken nie sonder meer dat die staat (en daarom die politiek) 'n vrye hand het waarmee hy *nolens volens* ander bevoegdheidsfere, waaronder die skoolonderwys, mag betree nie. In beginsel kan die begrensing van die politiek afgelei word van die interne struktuurbeperking van die entiteit self (d.i. politiek as sodanig) en die tipies verbandstrukturele voorkoms (byvoorbeeld die staatlike as reg- en ordeskeppende verband). Op dieselfde wyse hou die interne struktuurbeperkinge van skoolonderwys in beginsel weer verband met die interne bevoegdheid van die skool as onderrig- en lerende verband. Albei lewensfere verkry deur hierdie normatiewe ordening sowel begrensing as vryheid tot gelding, optrede en interaksie. Hierdie ordening en begrensing skep die moontlikheidsvoorwaardes dat sowel die skool as die politiek (i.c. staat) individueel en gesamentlik, 'n bydrae kan lewer tot die gemeenskaplike doelstelling van die vorming van die kind as landburger. Die praktiese uitvoering hiervan lê egter op die weg van politieke, gemeenskaps- en onderwysleiers.

## 7. Samevatting

Die neiging by teoretici om skoolonderwys en die politiek as keerkante van dieselfde munt te sien (vgl. 1 & 3 *supra*), bied nie oplossings vir die problematiek rondom die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek nie. Die siening dat skoolonderwys en die politiek identies aan mekaar is, bied nie 'n verhelderende perspektief op die ingewikkeldheid van die wisselspel tussen die verskillende belange van skoolonderwys en die politiek en die strukturele begrensinge van sowel skoolonderwys as die politiek nie.

'n Reformatoriese perspektief begin deur die tipiese wesensaard van skoolonderwys en die politiek as skeppingsgegewens te aanvaar. Hierdeur word 'n onderskeid tussen die tipies skoolse en die tipies politieke moontlik gemaak. By elkeen is daar sprake van 'n struktuurbeginsel wat sy bevoegdheids- of

kompetensieterrein aandui. Indien hierdie beginsel konsekwent erken word, word die geleentheid geskep om in 'n gedifferensieerde samelewing verskillende lewensfere met mekaar te harmonieer sodat 'n gebalanseerde visie op belangebehartiging in sowel skoolonderwys as die politiek bewerkstellig kan word. Omgekeerd: indien die struktuurbeginsel nie konsekwent erken en toegepas word nie, word die gevaar geloop om in die een of ander verabsolutering te verval en is verbandstrukturele geweld byvoorbeeld maar een gevolg van sodanige wanformulering.

Daar word nie betoog vir die aanvaarding van 'n spesifieke skoolonderwys-politieke maatskaplike ordening, byvoorbeeld privaatonderwys, staatsonderwys of gedeeltelike staatsonderwys nie. Enige skoolonderwysgemeenskap en politieke gemeenskap het as onderskeidende belangesfere in 'n gemeenskap, vanweë die keuse- en besluitnemingsvryheid van mense, die opdrag en verantwoordelikheid om in elke konkrete situasie weë te bedink waarin norme gepositiveer kan word sodat die belange van alle belanghebbendes (ook op die terrein van skoolonderwys en die politiek) op die bes moontlike wyse gedien kan word. Tot hierdie opdrag staan onderwys- en politieke leiers geroepe. Die normatiewe konteks waarin sodanige keuses gemaak kan word, vereis 'n behoorlike normatiewe standpuntinname soos deur 'n reformatoriese perspektief voorgestel.

## Bibliografie


APPLE, M.W. 1979. Ideology and Curriculum. London : Routledge & Kegan Paul.

ARONOWITZ, S. & GIROUX, H.A. 1986. Education under Siege. The Conservative, Liberal, and Radical Debate over Schooling. London : Routledge & Kegan.

DOOYEWEERD, H. 1969. A New Critique of Theoretical Thought. Vols. I, II & III. Amsterdam : Paris.

DU PLESSIS, L.M. 1980. Die politieke betrokkenheid van die universiteit. Potchefstroom : Potchefstrooms Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Wetenskaplike bydraes. Studiestuk nr. 147.)

DU RAND, J.J.F. & VAN WYK, J.H. 1984. Christen en politiek. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

DUVENAGE, B. s.a. Beroepsarbeid in die lig van die gereformeerde etiek. Potgietersrus : Moresterdrukkery.

ENGEL, M. 1993. The Politics of Education: a Bibliographical Essay. *Choice*: 1091-1100, March.

FOWLER, S. 1988. The State in the Light of the Scriptures. Potchefstroom : Potchefstroom University for Christian Higher Education.

FREIRE, P. & SHOR, I. 1987. A Pedagogy for Liberation. Basingstoke : MacMillan.

GIROUX, H.A. 1981. Ideology, Culture and the Process of Schooling. London : Falmer.

GIROUX, H.A. 1988. Schooling and the Struggle for Public Life: a Critical Pedagogy in the Modern Age. Minnesota : Falmer.

GIROUX, H.A. 1989. Critical Pedagogy, the State, and Cultural Struggle. Albany : New York State University.

GOOD, C.V., *ed.* 1959. Dictionary of Education. London : McGraw-Hill.

GOUDZWAARD, B. s.a. Idols of Our Time. Iowa : Dordt College Press.

HARRÉ, R. & LAMB, R. 1983. The Encyclopedic Dictionary of Psychology. Oxford : Blackwell.

HUSÉN, T. & POSTLETHWAITE, T.N. *eds.* 1985. The International Encyclopedia of Education. Volume 7. London : Pergamon.

JONES, M.T. 1985. Politics of Education. (*In* Husén, T. & Postlethwaite, T.N. *eds.* International Encyclopedia of Education. New York : Pergamon. p. 3977-3996.)

KALSBEEK, L. 1974. De wijsbegeerte der wetsidee. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

McLAREN, P. 1988. Foreword: Critical Theory and the Meaning of Hope. (*In* Giroux, H. Teachers as Intellectuals. Massachusetts : Bergin & Garvey. p. iv-xxi.)

NIEUWENHUIS, F.J. 1989. Politiek en die onderwys: 'n internasionale perspektief. (*In* De Lange, J.P. *red.* Politiek en die onderwys. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 1-38.)

RADEMAKER, L. *ed.* 1978. Sosiologische encyclopedie. Utrecht : Spectrum.

REID, J.W.O. 1989. Politics and Tertiary Education. (*In* De Lange, J.P. *red.* Politiek en die onderwys. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 154-182.)

SCHOEMAN, P.G. 1978. Die onderlinge verhouding tussen die bepalers van die onderwys in perspektief geplaas: huis en kind, skool en onderwyskorps, staat en onderwysowerhede, kerk. (*In* Bingle, H.J.J. *red.* Besinning en verantwoording. Durban : Butterworth. p. 113-143.)

SHOR, I. 1986. Cultural Wars: School and Society in the Restoration, 1969-1984. London : Routledge & Kegan Paul.

STEVENS, P. 1987. Political Education and Political Teachers. *Journal of Philosophy of Education*, 21(1):75-83.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.

TALJAARD, J.A.L. 1974. 'n Skrifmatige antropologie en samelewingsleer. Potchefstroom : PU vir CHO.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished Lenses. Potchefstroom : Pro Rege.

TROOST, A. 1992. De tweërlei aard van de wet. *Philosophia Reformata*, 57:117-131.

VAN DEN BERG, O. 1989. Schooling and the State: Politics of Education. (*In* De Lange, J.P. *red.* Politiek en die onderwys. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 300-321.)

VAN DER VYVER, J.D. s.a. Staat, kerk en godsdiens. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. Fundamentele Opvoedkunde vir onderwysstudente. Pretoria : Promedia.

VENTER, J.J. 1978. Akademie en politiek. *Koers*, 43(4):317-329.